Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

**Navrae**
Dr Elbie Adendorff
021 808 2168
elbie@sun.ac.za

# Departement Afrikaans en Nederlands

## Afrikaanse Taalaanleer 189
### Afrikaans as Tweede Taal

Hierdie module is vir studente wat Afrikaans as Eerste Addisionele Taal geslaag het en wie se huistaal nié Afrikaans is nie. Geen moedertaalsprekers van Afrikaans óf studente wat Afrikaans as Huistaal geneem het, mag vir die module registreer nie.

Die doel van ATA 189 is om studente meer taalvaardig te maak in Afrikaans sodat hulle tydens akademiese en sosiale gespreksituasies en/of lesings en/of tekste met gemak kan praat, lees, verstaan en skryf. Die vier kommunikasievaardighede – lees, luister, praat en skryf – word op ’n geïntegreerde wyse in die module behandel.

Studente maak kennis met verskeie metodes van taalstudie:

- Gevorderde interaksie rondom tematies-verwante tekste (algemeen en literêr)
- Strategiese lees- en luistervaardighede in die akademiese lesingsituasie
- Visuele media- en filmstudie
- Relevante taalstudie
- Mondeling vaardighede

### Opmerkings

1. Studente se plasing in ATA 189 of in Afrikaans en Nederlands 178 word gedoen op grond van departementele taalvaardigheidstoetse wat aan die begin van die jaar afgelê word.
2. Studente in Spraak-Taal- en Gehoorterapie I en die Verlengde Graadprogram vir Spraak-Taal- en Gehoorterapie I aan die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe word volgens die uitslag van ’n taalvaardigheidstoets in Xhosa 178 óf ATA 179 of 189 geplaas.
3. Hierdie module lei na ATA 289, maar nie na Afrikaans en Nederlands 278 nie.

### Metode van assessering

’n Stelsel van buigsame assessering word in ATA 189 gebruik. Die prestasiepunt word saamgestel uit alle toetse, werkstukke en opdragte wat gedurende die jaar voltooi is. Studente skryf nie aan die einde van die jaar eksamen nie, maar wel vier verpligte toetse deur die loop van die jaar. Aan die einde van elke semester lê studente ’n verpligte mondelinge eksamen af. Vier verpligte leestoetse en vier verpligte luistertoetse word ook afgelê. Studente word aan die begin van die jaar skriftelik ingelig oor die manier waarop die prestasiepunt bereken word en ontvang in die loop van die module gereelde terugvoering oor hul vordering.